WAAR AGTIGHEID

Saamgestel deur Mynhardt van Pletsen

eKERK | TENDENS

Around 4 p.m. on Oct. 17, 2005, Stephen Colbert was searching for a word. Not just any word, but one that would fit the blowhard persona that he was presenting that night on the premiere episode of Comedy Central's Colbert Report. He once described his faux-pundit character as a "well-intentioned, poorly informed, high-status idiot", and the word he was looking for had to be sublimely idiotic. The word he chose was 'truthiness'. – Andy Gilmour [1]

"But you will have gathered what I am getting at, namely, that it is still a metaphysical faith on which our faith in science rests – that even we knowers of today, we godless anti-metaphysicians still take our fire too, from the flame lit by the thousand-year old faith, the Christian faith which was also Plato's faith, that God is Truth; that Truth is 'Divine'…" – Friedrich Nietzsche

"That's what fiction is for. It's for getting at the truth when the truth isn't sufficient for the truth." — Tim O'Brien

---

1. [http://www.nytimes.com/2010/10/17/ magazine/17FOB-onlanguage-t.html]

INLEIDING

Reeds van die vroegste tye af vra ons onself die vraag af: Wat is waar? En dalk meer tot die punt: Wat behels waarheid?

In 'n idealistiese wêreld is waarheid die spil waarom alles draai. Dis hoe ons reg en geregtigheid kan bepaal, en 'n regverdige samelewing kan verseker. In 'n idilliese wêreld is waarheid objektief vind- en verstaanbaar. Ons wil onsself wysmaak dat as ons net toegang tot die regte bronne het, ons sal kan weet wat die waarheid is en dienooreenkomstig kan glo en optree.

Hoe dit ook al sy, ons wêreld vandag vra nuwe vrae oor die aard en bestaan van waarheid.

In hierdie verslag wil ons die nuutste tendense rondom die begrip 'waarheid' ondersoek. Ons wil ook terugkyk na hoe waarheid deur die eeue heen verstaan is. Uiteindelik wil ons 'n gesonde Bybelse begrip van waarheid ook onder oë neem, wat ons dan hopelik sal lei tot 'n vars en relevante bedieningsfilosofie vir ons gemeentes en bedieninge.

WAARHEID EN POLITIEK IN 2017

Die hedendaagse politieke skommelinge het seker die grootste verwikkelinge in die nuus en tendense van 2016 en 2017 veroorsaak. Die massiewe omwentelinge in internasionale en plaaslike politieke bestelle het bykans geen area van ons samelewing onaangeraak gelaat nie.
Daarom is dit 'n goeie idee dat ons die politieke veranderinge ondersoek as fondasie vir ons verdere gesprek oor waarheid. Die afgelope twee jaar se politieke ervaringe het juis 'n hele reeks nuwe terme in die internasionale volksmond laat ontstaan. Die meeste van hierdie terme het te doen met ons begrip en omgaan met hetsy objektiewe of subjektiewe feite.

Dit het ons verstaan van waarheid en die implikasies daarvan heeltemal op sy kop gekeer.

'Alternative Facts'

Seker een van die mees opvallende geleenthede wat hierdie tendens aangaan, was toe die destydse adviseur vir President Donald Trump, Kellyanne Conway, vir die eerste keer melding gemaak het van die frase 'alternative facts'.

Tydens 'n media-onderhoud kort ná die presidensiële inhuldiging, het Conway die verskillende opinies oor die grootte van die skare by die geleentheid bespreek. Ter agtergrond: die amptelike spreekbuis vir die Withuis, Sean Spicer, het beweerde valse uitlatings gemaak oor die aantal mense wat teenwoordig was.

When pressed during the interview with Chuck Todd to explain why Spicer "utter[ed] a provable falsehood", Conway stated that Spicer was giving "alternative facts". Todd responded, "Look, alternative facts are not facts. They're falsehoods."[2]

Van daardie oomblik af het die konsep van 'alternatiewe feite' 'n manier geword om oënskynlike teenstrydige waarhede te verduidelik en te regverdig. Conway en Spicer se feitelike gimnastiek het so sterk herinner aan die gevaarlike politieke bestel waarteen George Orwell in sy klassieke boek *1984* waarsku, dat verkope van dié boek met 9,5% toegeneem het in die dae en weke ná Conway se onderhoud.

Indeed, we disagree on so much that it can seem, as one political commentator recently put it, that there are no facts anymore. That's a way of expressing a seductive line of thought: There just is no way of escaping your perspective or biases. Every time you try to get outside of your own perspective, you just get more information filtered through your own perspective. As a consequence, objective truth is just irrelevant — either we'll never know it or it doesn't exist in the first place.[3]

Die idee van 'post-truth' behels 'n ingesteldheid waarbinne 'n groep mense optree en besluite neem, gegrond op ander veranderlikes as enige objektiewe feit of waarheid. Emosionele oortuiging en individuele opinie speel hier 'n baie sterk rol. Die konsep het veral in die afgelope Amerikaanse presidentsverkiesing opgeduik, toe verskillende weergawes van geskiedenis en ander feitelike gebeure gegee is. Hierdie term en verwikkeling herinner weereens sterk aan Orwell se roman, waarbinne fiktiewe wêreldleiers die geskiedenis herskryf ten einde hulle eie weergawe van die hede en toekoms te pas.

Die 'post-truth'-konsep het soveel vastrapplek geniet dat die Oxford Woordeboek dit selfs as hulle woord van die jaar vir 2016 aangewys het – 'n goeie aanduiding van ons heersende sosio-politieke omstandighede.

'Truthiness'

Al is dit steeds 'n onsekere en onstabiele tyd vir stoere ondersteuners van die waarheid, is tye soos hierdie 'n vrugbare teelaarde vir komediante en satirikusse. Stephen Colbert is seker een van die grootste kritici wanneer dit kom by ons nuwe subjektiewe verstaan van die feite, maar sy spitsvondige kommentaar is net grappig genoeg om hom nie by die owerhede in die sop te laat beland nie.

Gedurende 2005 het hy vir die eerste keer die konsep 'truthiness' op sy TV-program *The Colbert Report* gebruik as 'n manier om politici se verdraaiing van die waarheid te ontmasker. Na aanleiding daarvan het die American Dialect Society dit as hulle woord van die jaar gekies, en die New Oxford Dictionary het dit as 'n amptelike woord in hulle publikasie ingesluit, ten koste van ander woorde soos 'podcast' en 'soduko'. Natuurlik het die woord weer 'n groot oplewing geniet in die afgelope politieke seisoen – beide in die internasionale en plaaslike media.

2. [https://en.m.wikipedia.org/wiki/Post-truth_politics]
3. [http://www.chronicle.com/article/Teaching-Humility-in-an-Age-of/240266 Post-Truth]

'Speak Truth To Power'

Hierdie frase is deur die Quakers in die 1950's gebruik in hulle verset- en protesveldtogte, en het sy bestaan te danke aan die boek met dieselfde naam.

Gedurende 2016 en 2017 het dit die samesnoerende kreet geword van diegene wat die onderspit gedelf het as gevolg van die politieke verdraaiing van feite. 'Speaking truth to power' was 'n oproep, nie net tot 'n hernude verstaan van wat waarheid behels nie, maar ook om daarvolgens op te tree, en diegene wat die waarheid vir eie gewin manipuleer, tot verantwoording te roep.

"There does seem to be at least one common denominator when it comes to speaking truth in the name of advancing power - and that is courage. The courage to stand upon one's own convictions — or maybe, as we've seen these past few weeks across the country, the courage to throw conviction out the window for personal or political expediency. After all, in more ways than one, a conviction does not always require truth. Indeed, there's a reason the game "Two Truths and a Lie" is so popular. Very often it's hard to tell the difference."[4]

Ook op eie bodem het die idee van 'speaking truth to power' baie aandag geniet. Hetsy in een van die menigte sosialemedia-veldtogte, of in die strate as protesoptrede, het veral Suid-Afrikaanse jongmense wyd en syd verkondig dat hulle nie gemuilband sal word wanneer dit kom by die belangrike sake van die dag nie.

South Africans and young people, such as myself, were sold yet another dream. We should be angry, we should call for action and we should rally to get the economy growing. As young people, the 2019 election ballots we cast must be in the name of jobs and skills for fellow young people; in so doing we would be able to speak truth to power and incrementally fulfil the hopes, dreams and vision of the NDP. [5]

'Fake News'

Since the 2016 U.S. Presidential election, concerns over the circulation of "fake" news and other unverified digital content have intensified. As people have grown to rely on social media as a news source, there has been considerable debate about its role in aiding the spread of misinformation. Much recent attention has centered around putting fact-checking filters in place, as false claims often persist in the public consciousness even after they are corrected.

Gefabriseerde nuus, of 'fake news', kan op een van twee maniere verstaan word. Afhangende van jou posisie teenoor 'n spesifieke feitelike saak, is 'fake news' óf iets wat vir sensasie en eie gewin ingespan word, óf 'n flou verskoning om die ware feite onder die mat te probeer vee.

Fake news is written and published with the intent to mislead in order to gain financially or politically, often with sensationalist, exaggerated, or patently false headlines that grab attention.[6]

'Fake news' se momentum is veral te danke aan hoe vinnig nuusboodskappe op sosialemedia-platforms versprei. Met dié dat elke persoon 'n virtuele megafoon tot sy beskikking het om met 'n niksvermoedende gehoor te kommunikeer, is dit te verstane dat nie alles op sosialemedia-kanale geglo moet word nie. Hierdie onderskeid vervaag veral wanneer fopnuusberigte dieselfde vorm en trant aanneem as hulle geloofwaardige eweknieë.
Die sosialemedia-reus Facebook het selfs onlangs tot die stryd teen 'fake news' toegetree met allerhande nuwe tegnologieë en algoritmes om dit te probeer bekamp.

The feature seems to be yet another attempt to combat fake news and "alternative facts," after Facebook's reporting and flagging process failed miserably last month. Some users believed that disputed news articles were actually real, and needed to be shared even more so their voices wouldn't be silenced by the media. Which ultimately led to frustration across the board. – Carissa Lintao | Facebook Tests New tools To Combat Fake News [7]

---

4. [http://www.huffingtonpost.com/jade-greear/speaking-truth-to-power_2_b_8824094.html]
5. [http://www.huffingtonpost.co.za/yaseen-carelse/south-africa-has-been-sitting-on-itssolutions_a_21903977/]
6. [https://en.m.wikipedia.org/wiki/Fake_news]
7. [http://flip.it/kYD4SV]

Die Vermaaklikheidswêreld Speel Saam

Een van die gewildste televisiereekse die afgelope paar jaar was die reeks *Fargo*. Die reeks het die meeste van sy sukses te danke aan die slim manier waarop die vervaardigers dit reggekry het om 'n fiktiewe verhaal na 'n ware verhaal of dokumentêr te laat lyk.

Met net die regte tegnieke, sketse en teks, versin die vervaardigers nie net 'n hele verloop van gebeure nie, maar verdraai hulle ook die kykers se verstaan van hóe ware gebeure voorgestel moet word in teenstelling met 'n fiktiewe narratief.

Die vervaardiger, Ethan Coen, het die volgende te sê gehad oor die dun grens tussen waarheid en versinsel wat die TV-reeks so goed geteken het:

"[Fargo] aims to be both homey and exotic, and pretends to be true. We wanted to make a movie just in the genre of a true story movie. You don't have to have a true story to make a true story movie."

Selfs nadat die vervaardigers, akteurs en ander rolspelers moeite gedoen het om die fiktiewe aard van die reeks aan die kykers bekend te maak, leef die 'ware verhaal'-mite van Fargo steeds voort:

"The television series adaptation has made the same "true story" claim at the beginning of each episode, but series creator Noah Hawley has confirmed that "it's all just made up". Even though the truth is out and viewers logically know that both the film and television series are only "pretending to be true", some people still seem to struggle with which aspects of it are true and which are not." – Karen Strauss[8]

Die Waarheid en Suid-Afrika

Dis heel ironies dat 'n jong demokrasie wat sy geboortypyne bemiddel het met die skep van 'n kommissie om waarheid en versoening te fasiliteer, sederdien so 'n gebrekkige pad van waarheid moes stap.

Van die belowende beginjare van die Waarheids- en Versoeningskommissie se aktiwiteite tot nou, is daar min onafhanklike regerings wat so deurgeloop het onder die verdraaiing van die waarheid en die toesmeer van leuens soos ons liewe eie land. Tog lê ons nuwe bedeling se wortels diep in die aanvanklike werk van die Waarheidskommissie, en bly 'n eerlike soek na reg en geregtigheid deel van ons DNA as 'n land en 'n volk.

"For all these entrenched problems that remain in South Africa, made no better by what many South Africans consider ineffectual and corrupt governance under President Jacob Zuma, most agree that life now is better than it was two decades ago, and that the communal experience of watching and learning from the Truth and Reconciliation Commission's work was a big part of what made the improvements possible." [9]

Mens kan wel ook argumenteer dat Suid-Afrikaners se ewige stryd van pre- tot post-apartheidsjare, teen die idee van gefabriseerde waarhede was wat meer leunagtig voorkom as enigiets anders.

Die konsepte van 'post-truth' en 'alternative facts' is eintlik niks nuuts vir ons eie landsmense nie, maak nie saak watter kant van die ras- of ekonomiese grense jy jouself bevind nie.

The South African het in Februarie vanjaar juis die onderwerp aangeraak in hulle artikel *'Africa has a long history of fake news after years of living with non-truth'.*[10]

Hierin noem hulle dat *'...post-truth politics is a culture in which objective facts are less influential in shaping public opinion than appeals to emotion and personal belief.'* Wat Suid-Afrika aanbetref, bevestig hulle die verskynsel as hulle die volgende berig: *'The post-truth era is therefore anything but new within the African context. This explains the emergence of alternative regimes of communication and sites of "truth".'*

So onlangs as Mei 2017 het *The Daily Maverick* dit ook goed gedink om 'n opinie-artikel met dieselfde tema te publiseer. Oral in Suid-Afrika kom die waarheid onder skoot, veral in die konteks van ons politici en hulle bestuur van ons land. Stephan Grootes skryf in sy artikel *'Politics in the age of lies'*[11] die volgende:

'In the headlong rush to December's ANC leadership contest, and the 2019 election that hovers increasingly menacingly after it, the list of casualties is mounting. The naked ambition is leading to the destruction of both pawns and reputations. But in the middle of this something else is happening: truth itself is now joining the mounting list of casualties. It is getting harder than ever to determine fact from well-orchestrated fiction...'

---

8. [https://www.etiket.agency/single-post/2017/08/16/FARGO-A-narrative-ofuntruths-clusterfucks-and-unfathomable-pinheadery]
9. [https://www.pri.org/stories/ 2017-04-06/south-africas-imperfect-progress-20-years-after-truth-reconciliationcommission]
10. [https:// www.thesouthafrican.com/lifestyle/]
11. [https://www.dailymaverick.co.za/article/2017-05-22-analysis-politics-in-theage-of-lies/#.WbfyFtGxWfA]

Hierdie verskynsel het op eie bodem kookpunt bereik toe daar ontdek is dat die Britse openbarebetrekkinge-konsultante, Bell Pottinger, 'n doelbewuste projek geloods het om 'n valse persepsie van ons ekonomiese verspreiding onder Suid-Afrikaners te laat posvat. Die veldtog was so suksesvol dat die term 'white monopoly capital' soos 'n veldbrand op sosiale media versprei het, tesame met gepaardgaande wanopvattinge.

Nadat die veldtog deur die plaaslike media oopgekrap is, is die leuen ontmasker, en het dit tot drastiese gevolge vir die voorheen gerespekteerde Britse firma gelei. Bell Pottinger is deur hulle eie assosiasie van kommunikasiekundiges verban, en van die top bestuurslui het ná die onthullings ook hulle bedankings ingedien.[12]

12. [http://www.fin24.com/Companies/Advertising/ex-bell-pottingers-geoghegan-and-lambert-said-to-seek-legal-help-as-firmcrumbles-20170911]

WAT BETEKEN DIT VIR ONS?

Dis duidelik dat 'n nuwe verstaan van waarheid dringend nodig is. Die swart-en-wit benadering van waar en vals blyk nie meer alledaags aanvaar te word nie, en gegewe veelvuldige kontekste, ervaringe en afleidings, kort ons 'n nuwe begrip van 'wat waar is' wat ons met almal kan deel – veral met diegene wat ander oortuigings as ons eie het.

Steeds bly dit vir die mensdom toenemend moeilik om met geloofwaardigheid te kan onderskei tussen waarheid en leuen, asook om die alewige spanning tussen die twee wêrelde sinvol te kan absorbeer.

It is interesting that we individually tend to think of ourselves as clear thinkers and see those who disagree with us as misguided. We imagine that the impressions we have about the world come to us unsullied and unfiltered. We think we have the capacity to see things just as they really are, and that it is others who have confused perceptions. As a result, we might think our job is simply to point out where other people have gone wrong in their thinking, rather than to engage in rational dialogue allowing for the possibility that we might actually be wrong. – Peter Ellerton[13]

Dit is nie meer voldoende om bloot net onsself af te vra of enige feit, stelling of opmerking waar is of nie. Ons moet ook ons denke vernuwe deur te begin dink oor hoe ons dink oor waarheid.

Die Amerikaanse filosoof Harvey Seigel ondersteun hierdie punt as hy praat van 'n epistemologiese benadering, waar ons nie net die waarheid onder die vergrootglas plaas nie, maar waar ons ook die manier hoe ons daarby uitgekom het met insig kan onderskei.

By what criteria do we evaluate reasons? How are those criteria themselves evaluated? What is it for a belief or action to be justified? What is the relationship between justification and truth? […] these epistemological considerations are fundamental to an adequate understanding of critical thinking and should be explicitly treated in basic critical thinking courses.[14]

---

13. [https://theconversation.com/how-do-you-know-that-what-you-know-istrue-thats-epistemology-63884]
14. [https://link.springer.com/article/10.1007/BF00128144?no-access=true]

DIE BETEKENIS VAN DIE WOORD

Deel van die beperking wat ons beleef in ons verstaan van waarheid het te doen met ons interpretasie van die woord.

Mirriam-Webster vertaal die woord soos volg:

a (1): the body of real things, events, and facts: actuality (2): the state of being the case: fact (3) often capitalized: a transcendent fundamental or spiritual reality b: a judgment, proposition, or idea that is true or accepted as true truths of thermodynamics c: the body of true statements and propositions [15]

As 'n addisionele verstaan van die woord, gee hulle ook die volgende definisie: *Sincerity in action, character, and utterance.*

'Waarheid' behels dus duidelik 'n multidimensionele verstaan van die woord. Vir die doeleindes van hierdie tendensverslag, fokus ons op die verskil tussen die twee bostaande definisies, en die implikasies daarvan in die wêreld waarin ons vandag leef.

Die twee skynbaar teenoorstaande definisies is dus:

1. Waarheid as 'n wetenskaplik en/of histories bewysbare feit. [Ons verwys na waarheid/'truth'].
2. Waarheid as 'n korrekte voorstelling of verteenwoordiging van 'n wêreldbeskouing, stand van sake, of paradigma. [Ons verwys na getrouheid/'to be true to ...']

Lees gerus verder soos wat ons die verskillende beskouinge van waarheid bestudeer.

'N JOODSE VERSTAAN VAN WAARHEID

Vanuit ons Christelike oortuiging deel ons baie oortuigings en teologiese fondasies met die Joodse geloof. Dis daarom interessant en leersaam om ook iets te verstaan van die Joodse konsep van waarheid – wat dit behels, en wat dit definitief uitsluit.

Vir die Jode is die teenoorgestelde van waarheid nie valsheid nie, maar misleiding.

Generally speaking, while Judaism obviously attaches great significance to intellectual honesty, as evidenced, for example, in the constant quest for the truth in the debates and among the medieval philosophers, the main thrust in the appeals for Jews to be truthful is in the direction of moral truth and integrity. [16]

Inteendeel, daar is baie gevalle waar dit vir die Jode moontlik is om te jok, selfs al vertel jy die waarheid. Aan die ander kant, is dit ook in sekere gevalle veroorloof om te jok ten einde getrou te bly aan 'n groter deug of waarheid.

Die mees misleidende manier om in die Joodse kultuur 'n leuen te vertel is dus nie om 'n valse feit voor te hou as die waarheid nie, maar om die konteks of betekenis van 'n bewese stel feite so te verdraai dat die finale afleidings nie meer getrou is aan die oorspronklike paradigma of denkrigting nie. 'n Goeie voorbeeld van hierdie manier van optree vind ons aan die begin van die skeppingsverhaal, wanneer die slang vir die eerste keer met Eva gesels:

"*Julle sal nie sterf nie!*" *sê die slang.* "*God weet dat julle oë sal oopgaan wanneer julle daarvan eet. Julle sal dan net soos God wees en weet van goed en kwaad.*" *(Genesis 3:4-5, NLV).*

Alhoewel alles wat die slang gesê het feitelik waar is, het hy Eva mislei deur die konteks en onderliggende betekenis van die woorde namens haar te waninterpreteer. Dit het haar toe oorreed om op te tree teen God se bepalinge, en om ontrou te wees aan Sy waarheid.

'n Volgende voorbeeld het te doen met die antwoord van 'n Joodse rabbi op die vraag of hy glo dat al die Bybelse vertellinge histories, antropologies en argeologies korrek is. Sy antwoord illustreer die verskil tussen die verskillende begrippe van waarheid op 'n konkrete manier.

"*I don't know if this is exactly how it happened, but I know the story to be true.*"

'N MODERNE FILOSOFIESE VERSTAAN VAN WAARHEID

Peter Rollins, in gesprek met Rob Bell, praat met ons oor 'n verstaan van waarheid vanuit 'n Christelik-filosofiese agtergrond. [*The Robcast feat Peter Rollins: On God Parts 1–3*]. Rollins bou voort op Kant se begrip van wáár die waarheid en inherente oortuiging gevorm word: buite 'n persoon, of as deel van sy/haar binne-wêreld.

15. [https://www.merriam-webster.com/dictionary/truth]
16. [http://www.myjewishlearning.com/article/truth-and-lies-in-the-jewish-tradition/]

Kant makes a foundational distinction between the "objects" of subjective experience and the "objects" of "reality." He labels the former phenomena and that latter noumena. The noumena for Kant are things in themselves. These exist outside of and separate from the mind. This is what we might call "reality" or actual states of affairs similar to what we saw in the correspondence theory. But for Kant, the noumena are entirely unknowable in and of themselves. However, the noumena give rise to the phenomena or are the occasion by which we come to know the phenomena.[17]

Die Engelse taal onderskei ook die verskillende begrippe van waarheid as '*factuality*' ['n feitelik bewese waarheid], en '*fidelity*' [om getrou te wees aan 'n spesifieke karakter, aard of identiteit].
Kom ons kyk na hoe Peter Rollins dit toepas op ons verstaan van wat presies die waarheid behels.

Waarheid As 'n Objektiewe Feit

Soos reeds genoem, behels die eerste vlak van waarheid die objektiewe, bewysbare aard van 'n feitelike waarheid.

Die voorbeeld wat Rollins gebruik om dit te illustreer, is die geval waar 'n moeder noem dat haar baba die mooiste baba in die wêreld is. As sodanige opmerking bloot as 'n objektiewe feit geïnterpreteer moet word, dan blyk dit duidelik dat daar geen feitelike gronde is waarop die moeder so 'n opmerking kan baseer nie.

Volgens 'n blote objektiewe, feitelike verstaan van waarheid, is die moeder se opmerking dus duidelik 'n valsheid.

Tog verstaan ons almal intuïtief dat die moeder nie 'n blatante leuen vertel nie. Daar moet dus 'n alternatiewe begrip wees van hoe haar opmerking oor 'die mooiste baba in die wêreld' wel waar is.

Waarheid As 'n Ervaring

Aan die hand van Rollins se voorbeeld, kan ons die moeder se opmerking ook verstaan in die konteks van 'waarheid as 'n ervaring'. Wanneer sy meld dat haar baba die mooiste baba in die wêreld is, bedoel sy nie noodwendig om 'n objektiewe bewysbare feit te beskryf nie, maar 'n subjektiewe ervaring aan haar kant.

Waarheid in hierdie konteks is dus nie ewe veel van toepassing op alle mense nie, maar slegs op diegene wat aan 'n eenderse ervaring blootgestel was.
Na aanleiding van Rollins se voorbeeld, kan dan verstaan word dat die opmerking wel waar is vir die moeder, na aanleiding van haar ervaringe as die ma en voog van die kind. Die baba het as't ware haar definisie van 'mooi' geherdefinieer, tot op die punt waar die kind die konsep van 'mooi' totaal en al vir die moeder beliggaam.

Waarheid As 'n Transformerende Krag

Die laaste manier hoe waarheid inslag vind, is nie as 'n objektiewe feit of as 'n subjektiewe ervaring nie. In sy derde toepassing meld Rollins dat enige feit, ervaring of opmerking slegs die krag van 'waarheid' dra insover dit die beweerder van waarheid oorgehaal het tot aksie.

Kortom, slegs die feite wat ons optredes bepaal en rig, kan as waarheid geklassifiseer word.

In hierdie geval nooi die skoonheid van die kind die moeder uit tot toenemende liefde, vrygewigheid, onselfsugtigheid en sorgsaamheid. Die bewustheid van die baba se skoonheid vir die moeder haal haar oor om haar gedrag te verander, en is dan as sulks 'n transformerende waarheid in die lewe en bewussyn van die moeder.

Volgens Rollins is waarheid as 'n transformerende krag die suiwerste vorm van waarheid, aangesien dit bestaan bo die vertroebelende aspekte van wisselende persepsie en konteks.

Dit herinner ook sterk aan van die volgende teksverse, wat juis oortuigende waarheid aan veranderde gedrag koppel.

"*Jesus antwoord hom toe: "As iemand My liefhet, sal hy my boodskap gehoorsaam uitvoer; en my Vader sal hom ook liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom tuisgaan.*" *(Johannes 14:23, NLV)*

“As julle mekaar liefhet, sal almal daaraan sien dat julle my dissipels is." *(Johannes 13:35, NLV)*

"*My broers en susters, wat help dit as 'n mens sê jy het geloof, maar jou lewe wys dit nie? Só 'n geloof* kan jou nie verlos nie. Dis duidelik: Om net te sê jy glo, is nie genoeg nie. Geloof wat nie dade word nie, *is eintlik glad nie geloof nie – sulke geloof is dood en*

17. [http://www.philosophynews.com/post/2015/01/29/What-is-Truth.aspx]

is eintlik glad nie geloof nie – sulke geloof is dood en help niks." (Jakobus 2:14, 17, NLV)

'n CHRISTELIKE BEGRIP VAN WAARHEID

Die Bybel As Waarheid

In die Christelike tradisie is daar ook verskeie maniere om waarheid te definieer en te verstaan. Die eerste belangrike konsep om te bespreek, is 'die Bybel as waarheid'.

In 'n onlangse artikel het *Relevant Magazine* berig dat *Lifeway Research* bevind het dat slegs 36% van Amerikaners glo dat die Bybel 'waar' is. Die Barna Groep het in 'n soortgelyke studie die volgende bevind oor die algemene publiek se persepsie van die Skrif:

According to the Barna study, the percent of engagement people have with the Bible— from being engaged (reading the Bible at least four times a week), friendly (engaged with the Bible less than four times a week), neutral (read the Bible once a month or less and see the Bible as the inspired word of God, but acknowledge it can have some errors) and skeptical (see the Bible as "just another book of teachings written by men")— has started to stabilize and return to its normal rates after the rate of skepticism increased by 4 percent to 14 percent and the rate of friendliness dropped 8 percent to 37 percent in 2011. Now, six years later, the friendliness rate has rested at 38 percent, the neutrality rate is 23 percent, engagement is 20 percent and skepticism is lowest at 19 percent. [18]

Natuurlik is 'n beter vraag om te vra, "hoe beleef die lesers dat die Bybel waar is?". In ons gesprek hierbo leer ons reeds dat daar verskeie maniere is hoe waarheid inslag vind in ons lewens en oortuigings. Waar die studie tekort skiet, is om te noem of die lesers wat wel die Bybel as waar beskou, dit beskou as 'n objektiewe feitelike waarheid, of moontlik andersins.

Jesus As Waarheid

Wanneer ons Jesus se woorde oor waarheid naslaan, dan sien ons onmiddellik dat Hy Homself voorstel as die ware beliggaming van die waarheid. Hy sien Homself nie as apart van waarheid nie, maar definieer Homself as geïnkarneerde waarheid.

Again Jesus used the definite article to emphasize Himself as "the only truth." Psalm 119:142 says, "Your law is the truth." In the Sermon on the Mount, Jesus reminded His listeners of several points of the Law, then said, "But I say unto you . . ." (Matthew 5:22, 28, 32, 34, 39, 44), thereby equating Himself with the Law of God as the authoritative standard of righteousness. In fact, Jesus said that He came to fulfill the Law and the prophets (Matthew 5:17). Jesus, as the incarnate Word of God (John 1:1) is the source of all truth.[19]

Volgens die Nuwe Testamentiese Skrif verstaan ons dat waarheid slegs te vinde is, nie as 'n objektiewe feit, ervaring of transformerende krag alleenlik nie, maar wel as 'n verhouding met Jesus.

Waarheid word aan ons openbaar soos wat ons groei in ons intieme konneksie met Jesus.

As sulks is waarheid niks anders as 'n Persoon, en ons verhouding met Hom, nie.

Waarheid As Getrouheid Aan God

Uiteindelik is die suiwerste vorm van Bybelse waarheid soos ons dit vind in Jesus, nie gebaseer op 'n objektiewe, histories bewysbare feit nie. Waarheid in hierdie sin kan beter gedefinieer word as 'getrouheid' aan die karakter en wese van God.

Here's a simple definition drawn from what the Bible teaches: Truth is that which is consistent with the mind, will, character, glory, and being of God. Even more to the point: Truth is the self-expression of God. That is the biblical meaning of truth. Because the definition of truth flows from God, truth is theological. [20]

As ons dan besin oor wat waarheid is, dan blyk dit meer te gaan oor om onsself te rig op beginsels wat in ooreenstemming is met die identiteit en karakter van God, as 'n versameling proposisionele stellings of bepalings.

---

18. [https://relevantmagazine.com/slice/study-36-of-americans-believe-that-the-bible-istrue/]
19. [https://www.gotquestions.org/way-truth-life.html]
20. [https://www.gty.org/library/articles/A379/what-is-truth]

WAT STAAN DIE KERK TE DOEN?

Daar is onlangs navorsing gedoen wat bewys dat wanneer eendersdenkendes in groepe saam beweeg, dit aansienlik moeilik vir hulle raak om feite krities te ondersoek, sowel as om van mites en leuens ontslae te raak.

All in all, these findings add to the ongoing conversation about misinformation in increasingly connected online environments. Critics of social media often point to its complicity in creating "echo chambers" that selectively expose us to like-minded people and to content that matches and reinforces our beliefs. But our participants seemed reluctant to question claims even in the presence of strangers, suggesting that this effect may be amplified. [21]

Hierdie realiteit skep dan 'n ekstra verantwoordelikheid vir leiers in plaaslike gemeentes, om te verseker dat ons korporatiewe geloofslewe gebaseer is op waaragtige waarhede, en nie op algemene opvattings wat deur virtuele eggo-kamers teweeggebring is nie.

In die konteks van '*fake news*', '*truthiness*' en '*post-truth*'-wêreldbeskouinge, is dit uiters belangrik dat ons krities omgaan met wat as 'waarheid' verkondig word, hetsy kulturele, historiese of godsdienstige waarhede. Hier is 'n paar praktiese riglyne vir 'n plaaslike gemeente wat nie wil swik en swig onder die druk van valse waarhede nie:

1. Loods 'n toerustingsreeks [hetsy as kursus of preekreeks], wat fokus op die vermoë van onderskeiding in 'n era van inligtingoorlading. Bemagtig gelowiges om op 'n liefdevolle manier 'n gesonde afstand te hou van enige ooglopend feitelike eis wat nie noodwendig die toets van getroue waarheid deurstaan nie.

2. Kweek 'n kultuur van tegemoetkoming en genade. Dis veral nodig wanneer gelowiges met uiteenlopende agtergronde, kontekste en oortuigings in een plaaslike gemeente moet saamdien.

3. Begelei plaaslike gemeentes na 'n dieper verstaan van waarheid wat verder as die objektiewe, wetenskaplik bewese aard van 'n feitelike waarheid gaan. Vra die vraag oor wat dit beteken om oortuig te wees van die waarhede wat in ooreenstemming is met die aard, karakter en identiteit van God, eerder as van dogmatiese stellings en leringe.

4. Fasiliteer 'n in-diepte Bybelstudie-ervaring waartydens die konsep van 'waarheid' self onder die vergrootglas geplaas word. Fokus veral op waarheid as die Persoon van Jesus, en waarheid as ons verhouding met Hom.

5. Begin openhartige gesprekke onder plaaslike gelowiges oor aktuele sake, veral daar waar die waarheid nie ooglopend is nie, of waar daar doelbewuste misleiding deur die media of pers plaasgevind het. Bespreek die faktore en rolspelers wat aanleiding gegee het tot enige moontlike valse opvattings en oortuigings.

---

21. [https://hbr.org/2017/08/research-being-in-a-group-makes-us-less-likely-to-fact-check]



Vir navrae:

info@ekerk.org

www.ekerk.org

eKERK

Jesus - sigbaar, voelbaar, verstaanbaar